CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

September 2013

KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Johan le Roux	ZS1RX	021-9192246
Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Jan Van der Vyver	ZS1VDV	083-3795859
Douglas Defty	ZS1DUG	021-9436300

Gekoöpteerde Lede

Deon Heydenrych	ZS1G	082-6539884
Deon Coetzee	ZR1DE	021-9764167

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
Frekwensies: 3670kHz, 7092kHz LSB en 145,700 FM

WEBWERF

Bark.org.za

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na BARK se volgende ledevergadering op Saterdag 12 Oktober 2013 om **10:30** te Redwood Hill. Die plaas is op die Wellington / Hermon pad. Olivier, ZS1OLI is ons gasheer. Daar sal ook 'n Spesiale Algemene Vergadering wees. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleisvure brand.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, of op disket gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

Posadres: CQ Boland Posbus 273 STRAND 7139



VAN DIE VOORSITTER.

Hierdie is CQ Boland nommer 52 onder my redaksie. Ek het besluit om my nie weer beskikbaar te stel vir die komitee van BARK nie. Dit is dus my laaste CQ Boland. Laat ek dit nou eers gou baie duidelik maak dat die rede vir my besluit nie is omdat ek kwaad is vir enige persoon of groep nie. Ek bly nog steeds'n trotse lid van BARK.

Ek het die skryf van CQ Boland geniet. Dit het my die geleentheid gegee om kreatief te wees.

Dan wil ek ook baie dankie sê aan my LV Alma en Rassie, ZS1YT, wat oor die jare CQ Boland vir my geproeflees het. (So as daar spelfoute of taalgoggas was, dan was dit hulle skuld).

Dan ook 'n baie groot dankie aan almal wat oor die jare bydraes vir CQ Boland gelewer het.

Karl, ZS1KC, die sekretaris van BARK het ook besluit om nie weer beskikbaar te wees vir die komitee van BARK nie. Karl baie dankie vir die reuse-werk wat jy oor baie jare vir BARK en die amateurgemeenskap gedoen het. Dit word opreg waardeer.

By die volgende vergadering moet ons baie belangrike besluite neem vir BARK se pad vorentoe, so ek versoek dat almal van u wat moontlik by die vergadering kan wees daar sal wees.

Ek wil dan ook by voorbaat aan die nuwe komitee alle sterkte toewens.

Baie dankie vir die ondersteuning wat julle aan my gegee het.

Johan, ZS1RX

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 12 OKTOBER 2013

Deur Johan, ZS1RX

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 12 Oktober 2013 om **10:30**, te Redwood Hill naby Wellington. .

Die vergadering begin 'n half-uur vroeër as normaal sodat daar genoeg tyd kan wees vir 'n Spesiale Algemene vergadering soos besluit op die vorige vergadering.

Bring alles saam wat u nodig het om te braai. Dit sluit die rooi-koeldrank in.

Dankie, aan Karl, ZS1KC, wat die pad vir ons gaan verken het en foto's geneem het.

Sien die aanwysings hier onder. Kom ons kyk wie kan verdwaal.


R44
REDWOOD HILL
R45
R45
Bergrivier
Hermon Rd
R45
R45
R44
Lady Loch Rd
Wellington
Church
Champagne St
REDWOOD HILL (103)
OLYFENBOOM BOERDERY (102)
ARBORETA NURSERY (104)
OLYFBOOM
KLEIN DE RUST ESTATE

Karl sê:

10,9 Km vanaf die afdraai in Wellington is die Redwood Hill indraai.

Die pad split na 60M, hou regs.

11.2Km, regs deur plaasingang

12.6Km, grondpad word teerpad

13.1Km, Opstal agter groot grasperk

PIETER ZS1UH SE SLEUTEL WORD STIL

Deur Johan, ZS1RX

Philip, Z1CON en Pieter, ZS1UH gesels gedurende ‘’n BARK vergadering.

Gedurende hierdie kwartaal het ons afskeid geneem van nog ’n “grote” van die amateurgemeenskap. Pieter ZS1UH se sleutel het stil geword. Pieter het gereeld Sondag-oggende gedurende BARK se weeklikse bulletin ingeroep en gesels. Ons gaan hom mis.

Ons innige simpatie aan sy LV Johanna en sy kinders.

Sy seun Pieter het die roepsein V51PJ en Johan is ZS1UHS.

APRSDROID

Deur Johan, ZS1RX

Daar is nou ‘n goedkoop oplossing vir u wat graag APRS wil gebruik maar nie ‘n spaar radio en GPS vir u voertuig het nie.

Die van u wat Android fone het kan nou ‘n programmetjie aflaai met die naam van APRSdroid. Die program is relatief maklik om op die selfoon te installeer.

U skakel u selfoon se GPS aan en loop die program APRSdroid en dit is so maklik soos dit. Ek gebruik dit en u kan my volg op http://aprs.fi. Die roepsein is ZS1RX-14.

PAYPAL EN EBAY

Henry Chamberlain, ZS1AAZ

Iets oor my ondervindinge op die Internet.

Ek hou daarvan om te eksperimenteer en elke nou en dan is daar ‘n komponent wat ek nie plaaslik kan koop nie, en wat ek van oorsee af moet bestel. Met die hulp van eBay en Paypal word dit vir ‘n mens makliker gemaak.

Paypal is ‘n manier om geld oor te plaas na verkopers sonder die probleem dat jou betaling onderskep sal word. ‘n Gebore Suid-Afrikaner het blykbaar gehelp om dit tot stand te bring, maar dit behoort nou aan eBay.

Om te registreer by Paypal kos niks, jy verskaf jou e-pos adres, posadres en kredietkaartbesonderhede net eenkeer en daarna as jy met Paypal betaal, word die uitgawe teen jou kredietkaart gedebiteer en jy kry dadelik die prys in Rand en ‘n e-pos om die transaksie te bevestig. Dit is moontlik om jou rekening by Paypal te bestudeer as jy wil sien of daar iets verkeerd geloop het, en jy kan die inligting aflaai en op rekord hou as jy wil.

eBay is ‘n webblad waar ‘n mens iets kan adverteer as jy dit wil verkoop of waar jy kan gaan soek as jy iets wil koop. eBay kry verskillende soorte kommissie van verkopers. Jy kan omtrent enigiets daar kry en toevallig lees ek in die koerant dat ‘n kopie van Schindler se lys daar geadverteer word vir drie miljoen dollar. Ek het gesoek daarna maar kon dit nie kry nie, dalk al verkoop. Ek het darem afgekom op ‘n Tissot horlosie wat blykbaar aan Elvis Presley behoort het vir $12000. Daar is beperkings op wat jy kan adverteer, maar in 1999 het iemand een van sy niere te koop aangebied. ‘n Mens kan by Wikipedia gaan lees oor eBay, dis baie interessant.

Die webblad hou rekord van al die goed waarna jy al gesoek het en jy kan rondblaai en weer daarna kyk.

‘n Mens koop nie direk van eBay nie, hulle adverteer net die goedere, jy koop direk by die adverteerder. Daar is allerhande beskerming vir die koper wat bedrog grootliks uitskakel.

Wat het eBay met amateurradio te doen? Ek het al uitgevind as ek enige komponent soek en sukkel om dit te kry, gaan soek ek daar. Onlangs het ek belanggestel in vakuumkapasitore en daar is hulle volop te sien. Die goedkoopste een was $3 en die duurste was $600. Daar was ook meganismes waarmee jy die kapasitor verstel en die aantal draaie registreer. Ek het gesoek na klein klinknaeltjies wat ek in gedrukte borde kan sit om verbindings na beide kante van die bord te maak. Ek kon dit daar kry. Toe ek gesoek het na die geïntegreerde stroombaan om ‘n sensitiewe veldsterkte meter te maak, kon ek dit ook daar kry. Die pryse is soms baie laag, so kan n

mens ‘n klein bordjie koop met die AD9830 stroombaan daarop wat enige frekwensie tussen nul en 40 MHz kan verskaf vir minder as $5. Kabels of onderdele vir jou radio? Gaan soek dit daar.

My ondervindinge met eBay en Paypal was sover nog goed. Al die items wat ek al gekoop het, het uiteindelik by my uitgekom, alhoewel sommige lank geneem het, ek vermoed die oponthoud was by ons posstelsel.

VERTOON VLIEGTUIG ROETES MET “RADIOSTOKKIE”

Deur Johan, ZS1RX

Soos die meeste van julle sal onthou het ons al dikwels by die vergaderings gesels oor die “radiostokkies” wat nou goedkoop beskikbaar is. Hierdie stokkies skep baie geleenthede vir ontdekkings. Die stokkies is ontvangers wat jy by jou rekenaar se “USB” poort indruk. Die stokkies kan gewoonlik so vanaf 60Mhz tot 1.7Ghz ontvang.

Deesdae verwyl ek baie tyd deur die stokkie te gebruik om vliegtuig informasie te ontvang en op die rekenaar skerm te vertoon.

By ‘’n vorige vergadering het Raoul, ZS1REC, so ‘’n stelsel gedemonstreer.



Terloops die stokkies se werking is eintlik sagteware gedefinieerde radio (SDR), waarvan ons vandag so baie hoor.

Nou Google is die begin van baie ontdekkings. Google ADSB ontvangers en laai die programmatuur af. Die programmatuur lyk soos hier langsaan.

Laai nou ook Virtual Radar af en installeer dit.

Die frekwensie wat gebruik word, is 1090MHz of dan 1.090GHz. Hou dus maar die koaks so kort as moontlik. Die antenna wat saam met die stokkie kom werk goed. Ek het vir my ‘’n eenvoudige antenna met wins gemaak vir die frekwensie en is baie tevrede met my resultate. Ek kan vliegtuie sien vanaf meer as 80 seemyl (Nautical Miles) Dit is heelwat verder as Ceres. Ek bly in Bellville.

Hieronder is ’n skerm skoot wat ek gemaak het van Virtual radar.



Ek weet dat Flightradar24.com dieselfde informasie kan gee, maar die lekkerte is dat ek dit self ontvang met my eie stelsel.

SDR ontwikkel natuurlik baie vinnig en daar is baie programmatuur beskikbaar. Opdaterings vind ook baie gereeld plaas. Een van die ander installasies wat ek gedoen het, is Base Station. Die programmatuur is ‘’n bietjie moeiliker om op te stel, maar dit werk baie lekker. Ek kan met behulp van Base Station die vliegtuie soos hierbo in 3D sien op Google Earth.

Een van die klein programmetjies wat saam met Base Station werk is SBSplotter. Die program maak ‘’n polar diagram van jou ontvangs van die vliegtuie. Die afstandring hier langsaan is op 60NM, so dit gee vir u ‘’n idee van hoe vêr ek die vliegtuie opvang. Soos u ook kan sien is die vêrste wat ek al ‘’n vliegtuig “gesien” het 88.7NM. Dit is vir my uitstekend vir waaruit my stelsel bestaan.



Die stokkies is beskikbaar op eBay. Kyk na Henry se beskrywing hoe om goed aan te koop vanaf eBay met Paypal. Die stokkie kos so om en by R180.00. My stokkie se beskrywing is: FM+DAB USB DVB-T RTL2832U+R820T.

Ek moet u waarsku dat bogenoemde baie ure steel. Installeer dit en geniet dit.

AGULHAS 2013

Deur Johan, ZS1RX

Gedurende die naweek 17-18 Augustus het die jaarlikse internasionale vuurtorings op die lug - naweek plaasgevind. Soos elke jaar het BARK weer twee vuurtorings beman. Dit was weer die vuurtoring by Agulhas en die vuurtoring by Hangklip.

Die Agulhas span was Deon – ZS1G, Fabian – ZR1FQ, Benja – ZS1BLM, Andre – ZU1KOK, Anton – ZS1ASV en die uwe, ZS1RX.

By Hangklip was dit Raoul, ZS1REC en Willem, ZS1WDK en hul LV's.

Ons naweek het Vrydag-oggend vroeg begin met die groot trek na die mees suidelikste punt van Afrika. Alle rituele is gevolg om daar uit te kom en ons was so 15:00 daar.

Vanjaar se span: Johan - ZS1RX, Anton - ZS1ASV, Fabian - ZR1FQ, Benja - ZS1BLM, Andre - ZU1KOK en Deon - ZS1G

Saterdag-oggend vroeg begin ons met mening om kontakte te maak. Okko, ZS1OKO het ook kom help.

Terwyl ons met spraak besig is doen Deon en Fabian PSK. Ons konsentreer op die binneland en hulle op die buiteland.

Andre, ZU1KOK, sorg deurgaans dat ons lekker eet.

Sondag-oggend neem ek die mikrofoon om 'n kontak te maak met Raoul en kom tot die skokkende ontdekking dat ek laringitis het en nie 'n woord kan uitkry nie. Anton neem oor en doen die bulletin. Al die stasies om die kus roep in en vertel wat by hul vuurtorings gebeur.

Moeg vat ons weer die pad terug huis toe.

Nou wag ons vir volgende jaar se internasionale vuurtoring naweek.....

BARK SAV

Deur Johan, ZS1RX

Soos julle weet moet ons by hierdie vergadering 'n SAV hou om die nuwe komitee te verkies. Met die grondwet soos dit tans staan sal dit moontlik nie kan gebeur nie. Mosies is ontvang om die grondwet, soos in geel aangedui. te verander.

Lees asseblief die onderstaande versigtig deur.

7.KOMITEE

7.1.1 'n Komitee wat die sake van BARK behartig, sal jaarliks by die AJV van BARK verkies word. Die komitee sal bestaan uit:

'n Voorsitter
'n Sekretaris
'n Tesourier
En 'n maksimum van 4 Addisionele lede(2013)

7.1.2 Kandidate vir verkiesing tot die komitee kan slegs genomineer word deur stemgeregtigde lede van BARK. (2010)

7.1.3 Die nominasie moet deur die voorsteller en 'n sekondant onderteken wees. (2010)

7.1.4 Die nominasie moet vergesel wees van 'n skriftelike verklaring van die genomineerde kandidaat waarin hy/sy hom/haar bereidwillig verklaar om op die komitee van BARK te dien. (2013)

7.1.5 Nominasies kan voor die AJV aan die sekretaris besorg word maar daar sal ook geleentheid by die AJV gegee word vir die indien van nominasies ~~om dan ingedien te word~~ alvorens daar tot stemming oor gegaan word. (2013)

7.1.6 'n Stembrief sal tydens die AJV onder die lede versprei word waarop elke lid sy/haar keuse van komiteelede vir die volgende jaar moet aandui. (2013)

7.1.7 'n Stembrief sal as ongeldig beskou word indien 'n lid meer as 7 kandidate vir verkiesing aandui. (2010)

7.1.8 Drie gewone lede, wat deur die lede teenwoordig by die AJV aangestel word, sal die stemme tel en die nuwe komiteelede aan dui. (2010)

7.1.9 Indien minder as 7 nominasies ontvang word sal die genomineerdes as die komitee van BARK bekend staan. (2010)

7.1.10 Die verkose komiteelede sal na afloop van die AJV vergader en die verskillende portefeuljes verkies. (2010)

7.2. ~~Alvorens 'n lid tot die amp van voorsitter verkies word, moet so 'n lid vir 'n tydperk van ten minste een jaar op die komitee van BARK gedien het~~. (2013)

7.3. 'n Lid mag 'n maksimum van twee portefeuljes gelyktydig behartig.

7.4. Die verkose komitee van BARK sal die reg hê om nog addisionele lede vir daardie betrokke finansiële jaar te koöpteer. (2010)

7.5 Indien omstandighede dit vereis kan 'n komiteeverkiesing ook deur middel van 'n SAV hanteer word. (2013)

TERUG IN DIE GESKIEDENIS.....

Hierdie foto is tien jaar gelede by BARK se September vergadering te Elsenburg, Stellenbosch, geneem. Daar het 81 Lede en vriende die vergadering bygewoon

Die manne kuier lekker saam na die vergadering. ZS1YT, ZS1SM, ZS1OLI, ZS1KWV, ZS1LK, ZS1ZL en ZS1HJ

BARK SE WEBWERF

Besoek asseblief BARK se webwerf. U sal dit kry by bark.org.za. Deon, ZS1G is ons webmeester. Wat is interessant op die webwerf? U kan onder andere die volgende daar kry:

Foto Album, CQ Boland, Nuus, Verjaarsdae en sommer nog baie meer.

WAT ANTWOORD LEDE VAN BARK

Deur Johan, ZS1RX

Ek skryf in die vorige CQ Boland:

Ek sal graag wil verneem wie die persoon is wat nou vir die langste tydperk aan BARK of dan Tak Boland behoort. Dit behoort 'n interessante artikel in CQ Boland te maak. Stuur asseblief vir my 'n epos en laat weet wanneer u by Tak Boland aangesluit het. Ek wonder of daar nog iemand is wat voor 1950 'n lid was. Laat weet asseblief. "Reply" sommer op die epos waarmee u CQ Boland ontvang het. Ek wag in spanning!

Hier is wat van ons lede sê:

I became a member of Tak Boland on 24 August 1951. The meeting was held at Worcester. The purpose of the meeting was to replace the Stellenbosch klub that had gone silent key. Effectively this meeting was the birth of Tak Boland.

There should be no receipts for Tak Boland dated pre 1951. I cannot remember the name of the chairman elected, but the secretary was old Doc Walters.

Louis, One Ocean Easy

Ek het in 1962 by Tak Boland aangesluit as ZS1XQ, 1966 na Namibia verhuis, waar ek toe op die bestuur van die Suidwes Afrika tak was vir 11 jaar, maar nog van tyd tot tyd by Tak Boland rapporteer het. In 1977 het ek weer as ZS1AK by die Tak aangesluit en is tans nog lid.

Smittie, ZS1AK

Ja, niks verander nie! Dit bly maar moeilik om so 'n blaadjie gevul te kry. Ek kan goed onthou my eerste uitgawe waarvoor ek verantwoordelik was, was

teen die einde van 1975, onder voorsitterskap van wyle Oom Dan ZS1DF. Dit was nadat CQ Boland vir 'n hele ruk van 'die lug af was'. Dit was maar altyd 'n gespook met die ou Remington draagbare tikmasjientjie en die twee vingers om iets aanmekaar te slaan. Bennie Burger ZS1IB en Willie (het nou sy roepsein vergeet, maar hy was 'n kollega van wyle Frans ZS1RF by die ingenieurs afdeling van Stellenbosch) het darem altyd hulle kant gebring. Rina van Jo se sketse was lank 'n groot aanwins. Maar ek dink die blaadjie is die moeite werd en almal, al sê hulle dit nie altyd nie, geniet dit om dit te ontvang.

Ek het darem nie voor 1950 so gemaak nie - was toe nog bietjie jonk, maar het iewers gedurende 1973 aangesluit by die destydse Tak Boland, en is sedertdien ononderbroke 'n lid. Het my roepsein September 1974 gekry en toe by die SARL aangesluit

Hentie, ZS1LH

HOE SLUIT EK BY BARK AAN? HOE HERNU EK MY LIDMAATSKAP

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Gaan na BARK se webwerf by http://bark.org.za Gaan na Aansoek/Hernu vorm en voltooi die informasie wat verlang word. Of gaan direk na http://bark.org.za/?page_id=290 Doen 'n internet betaling in BARK se rekening in. Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA.
Takkode: Internet - 632005, Toonbank – 334312.
Rek No: 429720974.

Ledegeld vir 'n gewone lid is R100,00 en vir 'n skolier of student R50,00.

BARK SE NUUS-BULLETINS

Deur Johan, ZS1RX

Gedurende hierdie kwartaal was die nuus gelees deur: Hennie – ZS1LR, Anton – ZS1ASV, Louis – ZS1JLB, Avron – ZS1LA, Fabian – ZR1FQ en Dolf – ZS1DV. Baie dankie aan hierdie lede vir hul opoffering. Kom ons maak, in die toekoms, hierdie lys nog sommer baie langer.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 22 JUNIE 2013

Deur Johan, ZS1RX

Lede van BARK gedurende die vergadering

Die vergadering het plaasgevind te Lugmagbasis Ysterplaat. Willie Koorts het voor die vergadering 'n vertoning gelewer in die planetarium. Die amptelike verrigtinge het 11 uur begin. Dit was ook BARK se Algemene Jaar Vergadering. Die vorige komitee was weer herverkies tot die volgende vergadering waar daar dan 'n Spesiale Algemene vergadering gehou sal word om 'n nuwe bestuur te verkies. Baie

Karl, ZS1KC, ontvang erelidmaatskap van die SARL van Rassie, ZS1YT

geluk aan Jan, ZS1VDV wat ’n Jack Twine toekenning van die SARL ontvang het. Jan was ongelukkig nie beskikbaar sodat die toekenning aan hom oorhandig kon word nie. Karl, ZS1KC, het erelidmaatskap van die SARL ontvang het. Rassie, ZS1YT, die president van die SARL het die toekenning oorhandig. Die amptelike verrigtinge was so by 12 uur klaar en daarna het die kroeg oopgemaak en na die eerste drankies was ’n aansitete Geniet.

Die volgende 48 persone het die teenwoordigheidslys geteken:

BARNARD, TAS ZR1TAS
BAUERMEISTER, JEAN ZS1JPB
BLOM, BENJA ZS1BLM
BOTHA, LOUIS ZS1JLB
CANITZ, KARL ZS1KC
CARTER, JONATHAN ZU1N
CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
COETZEE, DEON ZR1DE
COETZEE, RAOUL ZS1REC
DA SILVA, MICHEL ZU1M
DE KOCK, DAVID ZS1DDK
DEFTY, DOUG ZS1DUG
DREYER, THEO ZS1BO
ELLIS, ANDRE ZU1KOK
ENGELBRECHT, RIAAN ZS1IS
ERASMUS, DELEEN
ERASMUS, GERHARD
ERASMUS, RASSIE ZS1YT
ESTERHUIZEN, CONRADT ZS1ES
ESTERHUIZEN, NICO ZU1NC
FRANSMAN, ANDRE ZS1F
GROSSE, JURGEN ZS1KJ
HEYDENRYCH, DEON ZS1G
HEYDENRYCH, HENNES
JENDRISSEK, BERND
JENDRISSEK, PETER ZS1JX
KOORTS, WILLIE
LAUBSCHER, IAN ZS1LAU
LE ROUX, JOHAN ZS1RX
LE ROUX, JOHANNES ZR1RF
LOOTS, MARIANA ZS1MOO
LUCAS, AVRON ZS1LA
NOTHLING, HANS ZS1WZ
PAUW, SUNÉ ZS1ZS
SADIE, BENNA ZS1PBS
SCHEEPERS, BOB ZS1BOB
SHAW, ANDRE ZS1AN
SHAW, ANNALIE
SMITH, ALEX ZS1L
TAYLOR, MICHAEL ZS1MJT
TINKLER, NORMAN ZS1NHT
TYLER, GEOFF ZR1GFT
VAN NIEKERK, ADRIAAN ZS1AVN
VAN RENSBURG, MARTIN ZS1MC
VAN ZYL, BETSIE
VAN ZYL, RENE ZS1VR
VISSER, ANTON ZS1ASV
VISSER, ELSA

VAN Boland Amateur Radio klub
Posbus 273
STRAND
7139